

WYNWOORDEBOEK IN DRIE TALE ÉN GRATIS

Om 'n woordeboek oor wyn te skryf klink dalk na 'n jolige partytjie, maar dit was inderwaarheid baie harde werk om die drietalige, elektroniese wynwoordeboek saam te stel.

“Almal vra altyd hoe skryf jy dan oor wynterme as jy nie proe nie,” lag dr. Michele van der Merwe, 'n leksikograaf van die Universiteit Stellenbosch (US) wat projekteer was vir die samestelling van die wynwoordeboek in Afrikaans, Engels en Xhosa. Die elektroniese woordeboek is gratis op Sawis (die Suid-Afrikaanse wynbedryf- en inligtingstelsels) se webtuiste beskikbaar.

In die proses het sy pragtige woorde soos “haasbekwingerd” (leë spasies op die kordondraad as gevolg van vermiste stokke, te wye mikke of dooie draerposisies), “wyndief” ('n buisvormige instrument om 'n wynmonster uit die vat te haal), “engeleporsie” (die deel van brandewyn wat verlore gaan weens verdamping) en “bokhaelkorrels” (klein, onderontwikkelde korrels) teëgekome.

“Die vorige vakwoordeboek oor wynkunde het in 1973 die lig gesien. Dit het net bestaan uit 'n lys vakterme en Winetech en Sawis het 'n leemte raakgesien vir 'n woordeboek. So het ons begin droom en ambisieuse planne ontwikkel,” het Michele aan lede van die Suid-Afrikaanse vertalersinstituut gesê.

“Dit was vir ons belangrik dat die woordeboek toeganklik en gebruikersvriendelik moet wees.” Naas die drie tale bevat die woordeboek ook onderwerpvelde (soos wynkunde, biotegnologie, wingerdbou,

The screenshot shows the SAWIS website interface. At the top, there are logos for SAWIS, ENGLISH South African Trilingual Wine Industry Dictionary, AFRIKAANS Suid-Afrikaanse Drietalige Wynbedryfwoordeboek, AMUSA Isichazi-magama zezifazantsi Afrika eilwimi-otho kushubane ngewayini, and Winetech. Below the logos is a search bar with 'Afrikaans' selected in the language dropdown. The main content area displays the entry for 'Afrikaans - bokhaelkorrel'. It includes the Afrikaans definition: 'selfstandige naamwoord', 'Onderwerp: Wingerdstok-morfologie', and 'baie klein korrels wat nie tot normale grootte ontwikkel nie; gewoonlik pitloos.' It also provides the English translation: 'shot berry' and the Xhosa translation: 'amaqanube amancinci'. On the right side, there is a list of subjects related to the entry, such as 'Almaal en ontsteking', 'Afwal en afvalbestuur', 'Analise', 'Bakteriologie', 'Bemesting', 'Bemesting', 'Besproeiing', 'Bewerkingstraktye', 'Biochemie', 'Biochemie', 'Biodiversiteit', 'Biologie', 'Biotegnologie', 'Botanie', 'Botanie', 'Botsiering', 'Botsiering', 'Botsiering', 'Botsiering', 'Brandewyn', 'Chemie', 'Distillasie', 'Ensiem', 'Genetika', 'Gie'.

'n Skermgreep van die drietalige wynwoordeboek op Sawis se webtuiste.

kuipery en genetika). Vakspecialiste het in wyn- en wingerdkundige komitees gedien om Michele te help. Universiteitsdosente en bekendes in die wynkringe het ook hand bygesit.

“Daar vind tans baie navorsing in veral die biotegnologieveld plaas, en namate nuwe dinge uitgevind word, moet nuwe uitdrukkings geskep word. Die navorsing is dikwels in Duits of Russies, en dan moet ons dit vertaal!”

Ouer gebruike het egter nie agterweë gebly nie. “Kuipery is 'n kuns wat besig om uit te sterf in Suid-Afrika, maar daar is 'n magdom terme daarvoor en ons wou dit insluit. Die idee was om die nuwe én ou neigings vas te vang.”

Die besluit om Xhosa in te sluit by die



Van links is mee. Gretha Aalbers, voorsitter van die Suid-Afrikaanse vertalersinstituut (Savi) se Wes-Kaapse tak, Marilyn Sass, vryskutvertaler, Michele van der Merwe, leksikograaf, en Marilize Viljoen op die Stellenbosse plaas Koopmans-kloof.

woordeboek was omdat die wynbedryf grootliks in die Wes-Kaap, waar baie Xhosasprekers woon en werk, gesetel is. Meer Xhosasprekende wynmakers word ook by Elsenburg en die US opgelei.

“Dit was 'n hele speurtog om iemand te kry wat dit kon doen. Uiteindelik het 'n Xhosasprekende wynmaker ons gehelp. Ons het baie omskrywings gebruik omdat die woorde dikwels nie in Xhosa bestaan nie. Ons het ook geleen by Engels en was lekker kreatief om nuwe terme te skep.”

Hulle het ook 'n hoë gehalte gehandhaaf met die samestelling van die woordeboek.

“Die woorde moet deur die sprekers gebruik word, maar tog ook taalkundig korrek wees.”

'n Elektroniese woordeboek bied natuurlik die luukse dat dit maklik bygewerk kan word.

Oor die gratis toegang vertel Michele: “In Europa begin mense terugbeweeg na 'n betaalde opsie, want mense begin dink gratis is nie goeie gehalte nie. In Suid-Afrika is die debat nog aan die gang. Die woordeboek is egter deur die wynbedryf gefinansier, daarom was dit nie nodig om gebruikers daarvoor te laat betaal nie.”

Om die drietalige wynwoordeboek te gebruik, besoek <http://www.sawis.co.za/dictionary> – LUCILLE BOTHA